



## Wenk van die Maand

April 2020

### OPNAME - DIE FINALE HINDERNIS

Gewasbeskermingsprodukte (GBP) moet verskeie hekkies trotseer voordat die pes of onkruid beheer kan word.

Dit word aanvanklik gemeng in die spuitwater wat antagonistiese katione bevat en dikwels die verkeerde pH het. Dan word dit aan die ander tenkmengsel komponente blootgestel wat antagonisties en fisies onverenigbaar mag wees.

Gedurende toediening is daar 'n persentasie druppels wat a.g.v. verkeerde druppelgrootte, nooit die teiken bereik nie. Baie druppels word deur druppel afhop verloor en bedekking word benadeel.

Daar is byvoegmiddels wat meeste van hierdie situasies verbeter. Ons vergeet egter dikwels van die opname proses wat vir 'n uitgerekte tydperk plaasvind, lank nadat die water uit die druppelresidu verdamp het. Hierdie opname proses vind dikwels onder sub-optimale toestande plaas. Antagonisme kan a.g.v. verkeerde byvoegmiddel- en tenkmengsel keuse hier plaasvind. Antagonisme vind dus nie net in die spuitoplossing plaas nie, maar dit is ook belangrik op druppelresidu vlak.

In die onderstaande bespreking sal die toestand van die druppelresidu bespreek word, met die klem op byvoegmiddels en tenkmengsels.

#### Antagonisme op die blaar

Ons waarsku dikwels teen die ongeregisteerde gebruik van olie byvoegmiddels met wateroplosbare onkruidodders soos glifosaat. Hierdie byvoegmiddels veroorsaak nie enige tenkmengsel probleme nie en dit mag selfs tot verhoogde bedekking en verspreiding bydra.

Dit is egter belangrik om te besef dat dit 'n invloed op die opname proses mag hê. Dit mag dalk 'n situasie word waar die byvoegmiddel 'n fisiese versperring vorm en die opname proses vertraag of inhibeer.

Dit kan ook gebeur dat die byvoegmiddel die verkeerde herbenutting eienskappe besit en opname verminder.

Indien die GBP en die byvoegmiddel nie op druppelresidu vlak verenigbaar is nie, kan dit skei en verhoogde konsentrasie van die GBP op sekere punte veroorsaak. Dit kan dan die kans op skroei verhoog.

#### Oneffektiwiteit en blaarskroei

Die hoof gevolg van verlaagde opname is natuurlik oneffektiwiteit en swak beheer.

Vertraagde opname en verhoogde konsentrasie van die GBP kan egter fisiese brand op die blaar veroorsaak. Wanneer sistemiese produkte blaarskroei veroorsaak, moet ons die moottlike redes ondersoek. In sekere gevalle is dit die gevolg van vertraagde opname omdat die verkeerde byvoegmiddel gekies is, of omdat 'n antagonistiese tenkmengsel produk gebruik is.

#### Villa se mening

Dit is belangrik om waterkwaliteit reg te stel, om druppel verdamping te verminder en om effektiewe bedekking en verhoogde druppelverspreiding op teikenplante te verhoog. Dit is egter net 'n deel van die effektiwiteit storie. Indien die finale opname hindernis nie oorkom word nie, sal die beheer swak wees en dit kan selfs gewasskade veroorsaak.

Byvoegmiddel keuse is dus uiters belangrik om die mees effektiewe opname te verseker. Villa beveel die korrekte byvoegmiddel kombinasies aan om effektiewe opname te bevorder.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by  
082 880 0974 of  
[bdevilliers@villacrop.co.za](mailto:bdevilliers@villacrop.co.za)